

Hoofstuk 7

Samevattende slotbeskouing

Inleiding

'n Terugblik op en ontleding van die transnasionale ervaringe van die Duitse immigrante, asook hul identiteit en die oordrag van kultuur word in hierdie hoofstuk uiteengesit en saamgevat. Verder word die bevindinge van die studie saamgevat en geëvalueer en die bydraes en beperkinge van die studie in breë buitelyne gegee.

Alle navorsing gaan oor die beantwoording van vrae en die evaluering van die navorsing. In 'n evaluering moet daar sin gemaak word uit die resultate op die vrae wat gevra is aan die begin van die studie. Data moet georganiseer, geanaliseer, geïnterpreteer en gerapporteer word en inligting en resultate moet bruikbaar gemaak word. Evaluering vereis en behels dat 'n oordeel gefel moet word rakende die waarde van die bevindinge en die resultate moet gekommunikeer word. Dit moet in ag geneem word dat evaluasies soms 'n bedreiging vir individue en organisasies mag inhou.¹ Sekere opinies wat gehou word, strydig met nuwe resultate as verwag in 'n ondersoek, mag rolspelers negatief laat reageer. Die openbaarmaking van evaluasies moet daarom soms met groter omsigtigheid bekend gemaak word.

Vir die evaluering van hierdie navorsing is die literatuuroorsig, die navorsingsvrae en sleutelinformante van belang,² asook die waarneming van die belangegroep wat geraadpleeg is, soos byvoorbeeld die *Evangelische Stadtmission, Freunde des Deutschen Ostens* en *Schlaraffen*. Dokumentêre analises is gedoen van persoonlike briewe en ander relevante dokumente van individue, soos memoires, biografieë, relevante koerantberigte en artikels in tydskrifte.³ Die fundamentele doel van die evaluering is om die resultate, versamelde data en uitkomst vir beter beplanning in die toekoms te gebruik. Evaluasie-navorsing word gesien as die gebruik van navorsingsmetodes om beter gevolgtrekkings te maak rakende die effektiwiteit, meriete en waardes van sommige gebruike en konvensies.⁴

Alhoewel hierdie studie nie op die geskiedenis van immigrasie fokus nie, word daar tog aandag gegee aan die immigrasiebeleid van die destydse Suid-Afrikaanse regering en die waarde daarvan. Uit hierdie bevindinge kan belanghebbendes, soos

¹ A.S. de Vos, et al., (eds.), *Research at grass roots, for the social sciences and human service professions*, pp. 471-472, p. 454.

² Engels: gate-keepers

³ A.S. de Vos, et al., (eds.), *Research at grass roots, for the social sciences and human service professions*, p. 466.

⁴ A.S. de Vos, et al., (eds.), *Research at grass roots, for the social sciences and human service professions*, p. 472.

byvoorbeeld amptenare en die skrywers van wetgewing, waardevolle insigte inwin oor die formulering van 'n immigrasiebeleid. Die soort immigrante wat 'n land nodig het, is jong produktiewe volwassenes, geskool in die nodige vaardighede, gekwalifiseerde professionele persone met 'n soortgelyke kultuur, taal en godsdiens in die land van immigrasie. Hulle moet kultureel aanpasbaar wees.

In die volgende paragrafe word die navorsingsvraag, soos gestel in hoofstuk een, weer kortliks belig. Antwoorde en bevindinge word geïntegreer met die navorsingsprosedures sowel as die literatuurnavorsing.

Die komende afdelings verteenwoordig die bydrae van die huidige studie. Dit word opgevolg deur 'n evaluering van die betroubaarheid, geldigheid en bruikbaarheid van die resultate en die beperkinge van die studie. Dan volg voorstelle vir moontlike toekomstige navorsing en word die teoretiese en praktiese bydrae bespreek. Laastens word die verhandeling opgesom en afgesluit.

Navorsingsoorsig

Die doel van die studie was om eerstens 'n uiteensetting te gee van waaroor transnasionale geskiedenis handel; om tweedens 'n lewensbeskrywing van 'n individuele Duitse immigrant, Wolfgang Wehrmeyer, na Suid-Afrika vanuit 'n transnasionale perspektief te beskryf; en derdens, om empiriese gegewens oor Duitse immigrasie na Suid-Afrika in die twintigste eeu te ondersoek.

Navorsingsmetodes en insameling van data

Inleiding tot navorsingsmetode

As grondslag vir die studie is 'n historiografiese ondersoek van stapel gestuur om inligting te kry uit sekondêre bronne oor die Duitse immigrante en die mate waartoe die materiaal tot die ontwikkeling van 'n inleiding en raamwerk vir die voorgenome studie kon wees. 'n Groep respondente is genader en versoek om hul wedervaringe in Duitsland en Suid-Afrika met die navorser te deel. Daar is gebruik gemaak van navorsingsvraelyste wat in Afrikaans geformuleer is en daarna in Duits en Engels vertaal is. Die respondente het verkies om die Duitse navorsingsvraelyste te antwoord. Onderhoude is gevoer, oopeinde vrae is gevra en daarmee saam is biografieë, memoires, dokumente, foto's en, waar moontlik, ook ou korrespondensie versamel.

Na 'n aanvanklike gesprek met respondente waartydens die doel van die studie verduidelik is en die respondent hom- of haarself bereid verklaar het, is 'n vraelys aangebied. Die antwoorde van die vraelyste is dan kwantitatief gekategoriseer en

ontleed deur gebruik te maak van beskrywende statistieke.⁵ Die vraelys het ook kwalitatiewe inligting opgelewer wat geïnterpreteer kon word.

Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes

Die navorsingsmetodes het voorsiening gemaak vir die insameling van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe data in 'n gemengde metode (*mixed methods*) benadering.⁶

Kwalitatiewe metode

In kwalitatiewe studies word betroubaarheid gedefinieer in terme van bestendigheid, konsekwentheid en akkuraatheid.⁷

'n Kwalitatiewe metode van ondersoek behels "hoe"-vrae. Hoe verklaar die respondente sy ervarings en hoe moet die gebeure en verskynsels geïnterpreteer word? Dit is hier waar die gevolgtrekkings gemaak is oor hoe die Duitse immigrant se transnasionaliteit ontwikkel het en inligting verkry is oor sy transnasionalisme.

Kwantitatiewe metodes

Kwantitatiewe data wat uit die dokumentasie verkry is, het waardevolle inligting en tendense geopenbaar. Inligting ten opsigte van die drie-generasie-indeling van die immigrante, het duidelik na vore gekom. Gevolglik was dit moontlik om 'n klassifikasie te maak van: dié wat die Tweede Wêreldoorlog as volwassenes ervaar het; dié wat kinders was ten tye en dié wat gebore is aan die einde van die oorlog; en dié wat die eerste hongersjare of na-oorlogse jare beleef het. Statistiese inligting oor hul herkoms en plek van geboorte, asook direk voor verlatting van Duitsland, het 'n aanduiding gegee of hulle vlugtelingen uit die voormalige Duitse Oosgebiede was, of uit Duitsland self, wat hul ekonomiese status met dié van vlugtelingen sou laat ooreenstem. Die data oor huwelikstatus is 'n aanduiding van intieme verhoudings en burgerskap, 'n aanduiding van lojaliteit in terme van hul *heimat* en die nuwe *heimat*, Suid-Afrika. 'n Opsomming van hul kwalifikasies met aankoms in Suid-Afrika en ten tyde van die onderhoud is gemaak. Daarna is die mense met geleerdheid in kategorieë ingedeel. Sodoende is afleidings gemaak van: die vaardighede en kwalifikasie wat hulle met hulle na Suid-Afrika saamgebring het; hoe hulle plaaslik

⁵ A.S. de Vos, et al., (eds.), *Research at grass roots, for the social sciences and human service professions*, p. 283.

⁶ A.S. de Vos, et al., (eds.), *Research at grass roots, for the social sciences and human service professions*, p. 444.

⁷ L. Cohen, et al., (eds.), *Research methods in education*, (Routledge, London & New York, 2005), p. 18.

deur selfstudie en verdere studie hul kwalifikasies verbeter het; en op baie terreine 'n bydrae tot die ontwikkeling van Suid-Afrika gelewer het.

'n Kwantitatiewe analise van die respondente en die sosiale en ander groeperinge waaraan hulle behoort het, gee 'n aanduiding van die transnasionale vloeiruites waarbinne die Duitse immigrante beweeg het en hoe hulle transnasionale sosiale netwerke daarna uitgesien het.

Kwantitatiewe metodes is gebruik om 'n beeld te kry van die getal Duitse immigrante wat na Suid-Afrika geïmmigreer het en dit is vergelyk met ander groepe vanuit, byvoorbeeld die Verenigde Koninkryk, Nederland en Portugal. Die statistieke van die getal immigrante na Suid-Afrika is verkry uit die tabelle wat deur Peberdy in haar boek, *Selection Immigrants to South Africa*, saamgestel is. 'n Paar optelfoute het voorgekom, maar daar is opsluit aanvaar dat die basiese statistieke/syfers van immigrante korrek is en dat Peberdy nie rekeningkundig georiënteerd was nie.⁸

Samevatting van elke hoofstuk en bespreking van navorsingsvrae

In hierdie afdeling word elke hoofstuk kortliks saamgevat en die navorsingsvrae in oënskou geneem.

Hoofstuk 1: Inleiding

Die hoof navorsingsvraag is:

Is dit moontlik om binne 'n familiegeskiedenis, 'n skrywe oor transnasionale geskiedenis saam te stel en met empiriese gegewens oor Duitse immigrasie na Suid-Afrika in die twintigste eeu op 'n prosopografiese werkswyse 'n transnasionale historiese studie te ontsluit?

Die inleiding gee die probleemstelling, bespreek Duits-Suid-Afrikaanse historiografie soos in die verlede nagevors. Die relevante vraagstelling, navorsingsdoelstellings asook hipotese is uitgespel.

'n Deeglike literatuuroorsig is gedoen oor werke van vooraanstaande vakkundiges op die gebied van historiografie, ten opsigte van transnasionaliteit en transnasionalisme. Dit sluit in die werke van kenners op die terrein soos, onder meer, H.G. Haupt, J. Kocka, T. Faist, R. Bauböck, N. Kühn, S. Vertovec, M.K. Ruokonen-Engler, P. Levitt, D. Hoerder, L. Pries en M. Tilse.

⁸ S. Peberdy, *Selecting immigrants: National identity and South Africa's immigration policies, 1910-2008*, (Wits University Press, Johannesburg, 2009), pp. 257-290.

Hoofstuk 2: Metodiek

Die eerste doelwit van hierdie studie was om 'n antwoord te kry op die volgende vraag:

Wat is transnasionale geskiedenis en hoe kan hierdie benadering tot die geskiedenis in Suid-Afrika ondersoek word?

Die doel was om transnasionale historiografie, waarvan transnasionaliteit en transnasionalisme die onderdele uitmaak, te ondersoek.

Die verskynsel van transnasionaliteit is die gevolg van immigrasie. Daar is kortliks verwys na die definisie van immigrasie en die redes en voordele van immigrasie. 'n Vergelyking is getref tussen Duitse immigrante na Australië en na Suid-Afrika. Daar is gekyk na waarom die Duitse immigrante wou emigreer en waarom Australië en Suid-Afrika graag immigrante wou bekom.

Daar is bevind dat die begrippe “transnasionaliteit” en “transnasionalisme” betreklik nuwe terme in historiografie is en nog in 'n evolusionêre proses is. Bauböck en Faist het verwys na die “Wittgenstein se afleiding”- beginsel, wat behels dat die betekenis van die woord, soos “transnasionaliteit”, afgelei moet word uit hoe die woord deur akademië beskou word. Die woord “transnasionaliteit” kom gereeld voor in huidige literatuur oor transnasionale geskiedenis. Die wyse waarop en konteks waarin die woord gebruik word, dui aan dat dit 'n samevoeging is van die woorde “transnasionaal” en “identiteit”. Beide definisies is breedvoerig behandel. Transnasionalisme is 'n breë begrip en volgens huidige gebruik van die woord deur akademië, en veral Duitse akademië, beteken transnasionalisme die veelvoudige verwantskappe, vriendskapbande en interaksies wat mense bind, asook die instansies oor die grense van nasionale state heen. Dit is belangrik om kennis te neem van 'n aspek van transnasionalisme, naamlik die toedeling van die begrip van politieke inhoud en 'n ideologiese ingesteldheid. Die ‘-isme’ in “transnasionalisme” suggereer 'n ideologie. In hierdie studie is politieke/ideologiese betekenis slegs onderdeel van die groter prentjie.

Uit 'n literatuurstudie word die gevolgtrekking gemaak dat die konsepte van transnasionaliteit en transnasionalisme verwant is aan mekaar en dat die idees nie in konflik met mekaar is nie, maar mekaar komplimenteer. Vir die doel van die studie is transnasionaliteit gedefinieer as die transnasionale identiteit van die immigrant en die groep immigrante van dieselfde tuisland. Die immigrant het 'n nuwe aangepaste identiteit en het deur 'n tweede sosialiseringproses gegaan. Verder word transnasionalisme gedefinieer as die omvattende begrip van alles – metodiek, beginsels, prosesse, alles wat gebeur met die immigrant en die verskillende aspekte van transnasionalisme, transnasionale sosiale ruimtes en netwerke en transnasionale familie-groepe. Die begrippe transnasionaliteit en transnasionalisme was die uitgangspunt van die studie.

Die studie het verder die kwantifiseerbare kenmerke van transnasionaliteit geïdentifiseer, naamlik taal, intieme verhoudinge, godsdiens, burgerskap en kulturele eienskappe. Die identifiseerbare prosesse van assimilasië, integrasie en transkulturasie is ook binne die raamwerk van transnasionaliteit bespreek. Die gevolg van transnasionaliteit is die oordra van kennis en waardes. Duitse immigrante het in hierdie opsig 'n positiewe bydrae gelewer in Suid-Afrika en het die land ekonomies en kultureel ontwikkel. Die aspekte van vergelyking, veralgemening, verstrengeling en oordraging in transnasionale historiografie is ook toegelig.

Oor die metodologiese navorsingsbenadering tot vraagstelling is die volgende van toepassing: transnasionaliteit het te make met die identiteit van mense en daarom was die navorsing biografies georiënteerd. Om vooropgestelde idees te vermy, is die navorsingsvrae geformuleer om empiriese gegewens te verskaf sodat dit gekategoriseer en geanaliseer kon word en sodoende tot substantiewe gevolgtrekkings te kom. Die navorsingsvrae in 'n studie van hierdie aard is dinamies en is met verloop van tyd aangepas. Daar is ook in gedagte gehou dat immigrasie 'n transformasieproses is en dat die lewenswyse van die onderwerp en sy geaardheid verander met verloop van tyd en so ook sy subjektiwiteit en identiteitkonstruksie beïnvloed het. As gevolg hiervan was die vrae tydens onderhoude oop eindigend en gestruktureerd.

Hoofstuk 3: Die transnasionale lewensloop van Wolfgang Wehrmeyer, 'n Duitse immigrant na Suid-Afrika

Navorsingsvraag nommer twee:

Sou dit moontlik wees om die lewensbeskrywing van 'n individuele Duitse immigrant (Wolfgang Wehrmeyer) na Suid-Afrika vanuit 'n transnasionale perspektief te beskryf?

Die drie generasies konvensie, soos geformuleer deur Laney, word in die inleiding van hoofstuk 3 uiteengesit en dit is belangrik om hierdie konvensie in gedagte te hou, omdat die Duitse immigrante vir hierdie studie daarvolgens gekategoriseer en ontleed is. Die eerste generasie is diegene wat die *Dritte Reich* as volwassenes ervaar het. Die tweede generasie het die oorlog as kinders ervaar, terwyl die derde groep dié is wat ná 1945 gebore en ook die kinders was van die eerste en tweede groep.

Wolfgang Wehrmeyer was deel van die tweede generasie en deel van die 72% van die respondente van die tweede generasie. Hy is gebore in 1933 en was 12 jaar oud toe die Tweede Wêreldoorlog beëindig is. Hy het reeds vroeg in sy lewe 'n mate van "transnasionaliteit" beleef. Hy is gebore as 'n stedeling in Potsdam en het vir die eerste deel van sy kinderjare in Berlyn gewoon. Gedurende die oorlog, van 1943 tot 1946, was hy woonagtig op die platteland, in Obergruna naby Freiberg in Saksie, by sy Oupa en Ouma Hoyer. Hier het die plaaslike bevolking die Duitse dialek *Sächsisch* gepraat, wat verskil van die Hoog-Duits wat in Berlyn gepraat is. Wat Wolfgang se transnasionale betref, het hy sy familiebande in Duitsland behou. Hy

het gereeld met sy vader en jonger broer, Wilfried-Helmut, gekorrespondeer, asook sy tante Minna en tante Louise Spiegeler, jonger susters van sy vader. 'n Ouer suster van sy vader, Marie Engelmann, wat na die Verenigde State van Amerika geïmmigreer het, het ook met Wolfgang gekorrespondeer.

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë het 'n klas GMAM Garratt-lokomotief aangekoop in 1955. Van die onderdele is in Duitsland vervaardig en toe daar tegniese probleme ontstaan het, is 'n ingenieur uit Duitsland gestuur om ondersoek in te stel. Wolfgang is aan die ingenieur toegedeel en hy moes as tolk optree. So het hy 'n transnasionale brug gevorm tussen Suid-Afrika en Duitsland.

Wolfgang vertel dat hy maklik Afrikaans geleer het, maar gesukkel het om Engels te leer, veral met die uitspraak van sekere Engelse klanke. Hy het geheel en al verafrikaans en teen die einde van sy lewe goed Afrikaans gepraat, met 'n effense Duitse aksent. Wolfgang het met 'n Afrikaanssprekende Boeremeisie getrou en sy vier seuns Afrikaans grootgemaak, terwyl Duitse geregte en gewoontes, onder meer stiptelikheid, akkuraatheid en hardwerkendheid, behoue gebly het. Hy was lief vir Afrikaanse musiek, maar Duitse volksmusiek was sy grootste liefde. Wolfgang het ses jaar na sy aankoms Suid-Afrikaanse burgerskap aanvaar. Hy het politiek vermy, maar was lojaal teenoor Suid-Afrika en het gedurende die politieke onrus van die 1970's en 1980's aan die plaaslike burgermagaktiwiteite te Kroonstad deelgeneem. Hy het 'n Duits-Afrikaanse transnasionaliteit besit en het onder die Boeregemeenskap van die Noordwes-Vrystaat as *die Duitser* bekend gestaan.

Hoofstukke 4, 5 en 6: 'n Prosopografiese beeld van Duitse immigrante na Suid-Afrika, met die insluiting van Wolfgang Wehrmeyer as individu, gedurende die tydperk ná 1945

Navorsingsvraag nommer drie:

Is dit moontlik om bruikbare empiriese gegewens oor Duitse immigrasie na Suid-Afrika in die 20ste eeu, tesame met die individuele gegewens van Wolfgang Wehrmeyer, prosopografies saam te snoer met die doel om die transnasionale geskiedenis van interaksie tussen Suid-Afrika en Duitsland beter te verstaan?

Hierdie navorsingsvraag is beantwoord in drie opeenvolgende hoofstukke. Dit is in drie verdeel as gevolg van die volume en omvang van die studie en resultate. Hoofstuk vier fokus op die immigrante se Duitse identiteit en hoe dit deur Nasionaal-Sosialisme beïnvloed is. In hoofstuk vyf volg 'n bespreking van die Duitse immigrante en hul transnasionale sosiale netwerke en ruimtes. In hoofstuk ses word individuele transnasionale belewenisse van 'n paar Duitse immigrante uitgelig en weer eens is die fokus op Wolfgang Wehrmeyer as die gewone burger, maar as hooffiguur. In dié drie hoofstukke word die biografieë van Duitse immigrante in 'n prosopografiese konteks saamgesnoer. Daaruit is dit moontlik om eienskappe van transnasionaliteit en transnasionanisme te behandel.

Hoofstuk 4: Die Duitse immigrante se identiteit en hoe dit beïnvloed is deur Nasionaal-Sosialisme

Vanaf die magsoorname van die Nasionaal-Sosialiste in 1933 in Duitsland, het verskeie organisasies die Nasionaal-Sosialistiese ideologie op verskillende maniere en intensiteit gedien. 'n Paar is in detail behandel vir die doeleindes van hierdie studie, maar by uitstek net dié wat 'n direkte invloed op deelnemende respondente van die studie gehad het. Die *Nationalsozialistischen Deutschen Arbeiterpartei* (NSDAP) en militêre, paramilitêre organisasies en die geheime polisie (Gestapo) is nie behandel nie. Dit kan dien as 'n moontlike terrein vir verdere navorsing.

Die meerderheid Duitse immigrante was vroeër in Duitsland in die *Jungvolk (Pimpfe)*, *Hitler Jugend (HJ)*, *Jungmädel*, *Bund deutscher Mädel (BDR)* en *Reichs Arbeitsdienst*. Binne hierdie Nasionaal-Sosialistiese organisasies is die tweede-generasie Duitse immigrante, wat die oorlog as kinders ervaar het, se aanvanklike identiteite gevorm.

Hoofstuk 5: Die Duitse immigrant en transnasionale sosiale netwerke

Transnasionale vind plaas binne transnasionale sosiale netwerke, waar die Duitse immigrante verhoudinge met mekaar gesmee het en die organisasies waaraan hulle behoort, bydra tot 'n milieu waar hulle transnasionale verhoudinge kon ontwikkel. Sommige van die organisasies het reeds 'n geruime tyd bestaan en het reeds die behoeftes van Duitse immigrante van voor 1945, gedien. Die Suid-Afrikaans-Duitse Kultuurvereniging (SADK) het die Duitse diaspora gedien in Suid-Afrika voordat die 1945 Duitse immigrante na Suid-Afrika gekom het. Die Suid-Afrikaans-Duitse Kultuurvereniging het 'n bloeitydperk beleef gedurende die tweede helfte van die 20ste eeu. In onlangse jare het die Suid-Afrikaans-Duitse Kultuurvereniging grootliks prominensie verloor. Die leeftyd van die Duits-Afrikaanse Hulpbond, of *Deutsch Afrikanische Hilfsausschuß* (DAHA) was kort en die doel was om humanitêre hulp in 'n tydperk van honger en swaarkry, ná die oorlog aan die Duitse bevolking te skenk. Die bystand het tot 'n einde gekom nadat die Duitse ekonomie weer verbeter het. Net so het die Tussenregeringskomitee vir Europese Verhuising vir 'n periode gehelp om Duitse emigrasie te bevorder. Die werwingsagentskap, Transa (EDMS.) BPK., het nog tot laat in die 1960's 'n funksie vervul deur met Suid-Afrikaanse regeringsubsidies geskoolde Duitse immigrante vir Suid-Afrika in Duitsland asook Oostenryk te werf.

Die *Afrika Post*, 'n Duitse tydskrif wat maandeliks in Pretoria uitgegee is, onder redakteurskap van Horst Thormeyer, was die media-instrument wat Duitse immigrante met hulle *heimat* Duitsland in verbinding gebring het. Hier kon Duitsers lees wat in die *heimat* gebeur en ook verneem van die aktiwiteite beskikbaar onder die Duitse diaspora.

Die Bond van oud-Duitse soldate en geïnterneerdes het in die 1970's 'n aanvang geneem en het bestaan solank as wat 'n aansienlike aantal oud-Duitse soldate, asook oud-Duitsgesinde Afrikaners, nog geleef het. Laasgenoemde was 'n groepie

wat weens hul aktiwiteite en oortuigings vir generaal Jan Smuts en sy regering tydens die Tweede Wêreldoorlog 'n bedreiging was en gevolglik in interneringskampe geplaas is. Die organisasie was transnasionaal in die sin dat Duitsers en Afrikaners binne die organisasie nasionale grense oorskry het, 'n gesamentlik doel gehad het en met mekaar geïntegreer het.

Die *Schlaraffen* kan moontlik vergelyk word met die Vrymesselaars of die Afrikaner Broederbond. Dit is 'n organisasie waaraan slegs Duitssprekende mans mag behoort. Die lede bestaan meestal uit ouer manspersone, gewoonlik sakemanne, intellektuele, kunstenaars, en andere. Die doel van die organisasie is om die kunste en humor te bevorder, maar is meer 'n plek waar Duitse mans eksklusief kan sosialiseer en vriende maak. Die organisasie is transnasionaal en lede vorm 'n broederskap regoor die wêreld. Die takke in Suid-Afrika is gestig deur Duitse immigrante ná die Tweede Wêreldoorlog.

Die *Evangelische Stadtmission im Südlichen Afrika* (ESSA) is 'n transnasionale kerkverband en 'n afdeling van die St. Chrischona-gemeentes wat hul hoofkantoor naby Basel in Switserland het. Hulle het 'n aansienlike aantal gemeentes in Duitsland en ook in Frankryk. Daar is gereelde kontak tussen Suid-Afrika en Duitsland. Predikante van die gemeentes in Suid-Afrika word by St. Chrischona se teologiese skool opgelei en kerkleiers vanuit Duitsland besoek Suid-Afrika op 'n gereelde basis. Elke vyf jaar moet 'n Suid-Afrikaanse Stadtmission predikant *Heimatsdienst* doen. Dit behels dat hy en sy gade St. Chrischona besoek, gewoonlik ten tye van 'n spesiale konferensie, en dan vir ongeveer twee tot drie maande by verskillende gemeentes in Duitsland preek en verslag doen wat in Suid-Afrika gebeur. Ook in die kerk se tydskrif, die *Chrischona Panorama*, word inligting oor gebeure binne die kerk versprei.

Die *Freunde des Deutschen Ostens* vereniging is 'n fenomeen van transnasionale onder die Duitse diasporagroep van, ná 1945. Die vereniging het ontstaan onder die Duitse vlugteling-immigrante uit Oos- en Wes-Pruise in Suid-Afrika. Later is die lidmaatskap verbreed om enige Duitssprekendes te inkorporeer. Die doel van die organisasie is om kontak met mekaar te behou, die herinneringe van vroeër lewendig te hou en om oor onderwerpe in die *heimat* te besin.

Die Duitse adel- en familieverband-groepe is 'n interessante verskynsel en inligting oor die rol wat hulle speel in die Duitse samelewing is beperk, wat 'n moontlike onderwerp vir toekomstige navorsing kan wees. In hoofstuk vyf is die transnasionale ruimtes waarbinne die Duitse immigrant beweeg ondersoek deur middel van kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes en daar is spesifiek gekyk na hul taal- en huiskultuur, intieme verhoudinge, godsdiens en burgerskap. Verder is hulle sieninge en deelname aan politiek en die destyds militêre diensplig en Bosoerlog in die 1980's onder die vergrootglas geplaas.

Binne hierdie Duits-georiënteerde organisasies kon die Duitse immigrante mekaar ontmoet, netwerk en kon hulle ook kontak behou met Duitsland. Die organisasies het 'n milieu vir kommunikasie geskep waar die Duitse immigrante aansluiting kon vind

en ondersteuning kon vind, asook hulp om in die nuwe land aan te pas. Gesamentlik kon hul ook die herinneringe van hul vroeër *heimat* vier.

Hoofstuk 6: Individuele transnasionale belewenisse met Wolfgang Wehrmeyer as die hooffiguur

Hoofstuk ses is in drie afdelings verdeel. In die eerste plek is die nuwe identiteit van die Duitse immigrant en sy transnasionaliteit ten opsigte van integrasie, assimilasie en akkulturasie ondersoek. Tweedens is 'n paar individuele gevalle, maar meer spesifiek Wolfgang Wehrmeyer, kwalitatief omskryf. 'n Figuurlike grafiekboog van sy transnasionalisme kan gevolg word en sien soos volg daaruit: die begin, dan die hoogtepunt en aan die einde die laagtepunt. Die faktore wat hulself uitspeel in sy familie geniet aandag. Dit is 'n weergawe van sy lewensreis en van sy familie.

Gisela Kahler, Fred Brahmmer en Lothar Neethling, gebore Tietz, was Duitse vlugteling-immigrante uit die Oostelike gebiede, terwyl Adolf Helmers, Horst en Hildegard Meyberg burgers van Wes-Duitsland was. Ursula Brenner daarteenoor was 'n uitsonderlike geval. Sy was nie 'n Duitse immigrant nie, maar het vlot Afrikaans geleer praat en as gevolg van haar liefde vir die Duitse kultuur en in besonder deur middel van *Volkstanz*, het sy 'n persoonlike, menslike burg van transnasionaliteit geword deurdat sy die *Deutschtum* onder die Duitse immigrante in Suid-Afrika wou bevorder en terselfdertyd die Afrikaanse volkspelekkultuur deur middel van toergroepe na en van Duitsland bekend gestel het.

Derdens is in die proses van transnasionalisme en immigrasie 'n verskeidenheid van menslike vaardighede aan Suid-Afrikaners oorgedra, waarvan die menslike hulpbronne en prestasies van Yskor en Sasol die bekendste voorbeelde is. Na 1994 het hoogsopgeleide vakmanne en doktore weens marginalisering in die post-Apartheid era na Duitsland geïmmigreer en sodoende het Duitsland weer by hul kundigheid baat gevind.

Geldigheid en betroubaarheid van die resultate

Die navorser het dit gedurende die tyd van die ondersoek ten doel gestel om homself in te leef in die Duitse immigrantgemeenskap te Pretoria en Johannesburg. Hy is self die kind van 'n Duitse immigrant en het grootgeword in 'n transnasionale milieu, met 'n voet in die Afrikaanse kultuur, 'n ander voet in die Duitse kultuur en ook 'n hand in die Engelse kultuur, deurdat hy getroud is met 'n Engelssprekende Suid-Afrikaner.

Die navorser was sedert 1998 eers 'n besoeker en later lidmaat van die *Stadtmission* te Pretoria. Hy was 'n deelnemer aan die kerklike aktiwiteite soos *Männerfrühstück* – manne-ontbyt, *Wanderungen* – staptogte, kerkkampe en besoeke aan die ander gemeentes te Johannesburg en Vanderbijlpark. Hy was aktief betrokke, nie net by die Duitse gemeenskap in die geheel nie, maar spesifiek by die Duitse immigrante na Suid-Afrika ná 1945. Hy het aangesluit by *Freunde des Deutschen Ostens* en

besoek die afgelope vyf jaar gereeld byeenkomste, wat gemiddeld vier keer per jaar om die beurt in Pretoria en Johannesburg plaasvind. 'n Verdere besoek sluit in 'n vergadering van die *Schlaraffen*, kerkdienste van die Lutherse Evangeliese kerke, te Pretoria, Kroondal by Rustenburg, Hermannsburg – KwaZulu-Natal en St. Paulus te Fairlands, Johannesburg.

Reise is in 1995 en 2012 na Duitsland onderneem, om familie en terreine te besoek. Plochingen by Stuttgart, waar Wolfgang se broer, Wilfried-Helmut Wehrmeyer, asook sy nakomelinge woon, Obergruna by Freiberg in Sakse waar Wolfgang Wehrmeyer gedurende die oorlog by sy Oupa en Ouma Hoyer groot geword het, Potsdam waar Wolfgang Wehrmeyer se vader in die Duitse weermag was en hy gebore is en Staaken-Berlyn waar die familie gewoon het, is besoek. In Berlyn het sy vader by die *Reichskanzlei* in die administrasie se ontvangsafdeling gewerk as *Ministeriumsamtsgesilfe*. So is ook Settrup by Schale en Hopsten, in *Nordrhein-Westfalen* besoek, waar Hermann Wehrmeyer gebore is en waar heelwat Wehrmeyers van die streek reeds die afgelope 400 jaar woon.

Die studie voldoen aan Glaser⁹ se kriteria vir betroubaarheid en geldigheid.

- Eerstens, die vrae in die navorsingvraelys is duidelik en eenvoudig geformuleer, sodat data verkry kon word, wat ontleed kon word en tendense kon uitwys. Betroubaarheid van die resultate is versterk deurdat 'n genoegsame steekproef van die aantal respondente uit die Duitse immigrante-populasie verkry is.
- Tweedens, die vrae wat gestel is, was van toepassing op die meerderheid van respondente en hul ervarings.
- Derdens, die navorsingvrae was buigbaar genoeg om aangepas te word en sodoende nuwe data te akkommodeer.

Waar inligting vermeld en stellings gemaak word, is dit deurgaans gerugsteun deur voetnotas wat verwys na sekondêre en primêre bronne. Alle primêre inligting is geboekstaaf en beskikbaar in 'n geordende private argief.

Beperkinge van die ondersoek

'n Leemte in die ondersoek was die feit dat die navorser homself in 'n beperkte omgewing bevind het. Duitse immigrante wat hulself in ander Lutherse en Katolieke Kerke, in Duitse enklaves, soos byvoorbeeld die gemeenskappe te Piet Retief, in KwaZulu Natal, Kaapstad en die Kaapse skiereiland bevind het, is nie na behore ondersoek nie.

⁹ B. Glaser, *Doing grounded theory: issues and discussions*, (Sociology Press, Mill Valley, 1998), p. 18.

Geleentede vir verdere ondersoek

Gebaseer op die bevindinge en ondersoek in die huidige studie, word die volgende voorstelle gemaak ten opsigte van toekomstige navorsing:

- Die kinders van die Duitse immigrante verteenwoordig 'n nuwe generasie en die vraag bestaan hoe het hulle transnasionale erfenis en hoe sien hulle transnasionale identiteit. Wessendorf het in haar boek, *Second-generation transnationalism and roots migration*, die veld van tweede generasie transnasionale identiteit ondersoek.¹⁰
- Tempelhoff het opgemerk dat die transnasionale sosiale netwerkstelsel van die Duitse adel belangrik is en dit regverdig verdere ondersoek. Die Duitse adel is 'n geslote gemeenskap en beweeg nie in die kaskal nie. In 'n demokratiese Duitsland het hulle hul vroeëre rol as aristokrate verloor.
- Soos elders genoem, het duisende Duitse immigrante ná die Tweede Wêreldoorlog ook na die Verenigde State van Amerika, Australië,¹¹ Kanada¹² en verskeie ander lande geïmmigreer. 'n Vergelykende studie van die ervaringe van die Duitse immigrante tussen hierdie lande behoort interessante resultate te lewer. In die meeste van hierdie lande was daar 'n dominerende taalgroep waarbinne die Duitse immigrante hulle moes laat assimileer en integreer, maar in Suid-Afrika en Quebec, Kanada, was dit anders. Daar was twee dominerende tale: in Suid-Afrika was dit Afrikaans en Engels, en in Quebec, Frans en Engels. Unieke situasies in die twee lande het etnisiteit aangemoedig. 'n Verdere studie op hierdie gebied behoort waardevolle kennis te verskaf.

Die bydrae van die navorsing

Die navorsing bied 'n aantal teoretiese sowel as praktiese bydraes tot bestaande kennis.¹³

Teoretiese bydrae

Die studie maak die volgende teoretiese toepassings en toepassings:

- Twee moontlike definisies van nuwe terminologie, naamlik transnasionale identiteit en transnasionale identiteit word aan die Afrikaanse taal bekend gestel.

¹⁰ S. Wessendorf, *Second-generation transnationalism and roots migration*, (Ashgate Publishing Limited, Surrey, 2013).

¹¹ J. Tampke, *The Germans in Australia*. (Cambridge University Press, Cambridge, 2006).

¹² A. Freund, (ed.), *Beyond the nation? Immigrants' local lives in transnational cultures*, (University of Toronto Press, Toronto, 2012).

¹³ J.E. Wehrmeyer, A critical investigation of deaf comprehension of signed TV News interpretation, (Ph. D. thesis, University of South Africa, Pretoria, 2013), p. 301.

- Transnasionale sosiale ruimtes en netwerkteorie vanuit die Duitse akademiese milieu en 'n mindere mate die Engelse milieu, Brittanje, Verenigde State van Amerika en Kanada, is in die Afrikaanse historiografiese ruimte bekend gestel.
- Die historiografiese benadering van prosopografie is bekendgemaak aan die Afrikaanse akademiese gemeenskap.

Praktiese toepassings

Naas die teoretiese bydrae maak die studie ook 'n praktiese bydrae:¹⁴

- Die studie funksioneer as 'n instrument om die nalatenskap van die Duitse immigrante, hul nagedagtenis en herinneringe te bewaar.
- Die studie verskaf 'n beter begrip vir die faktore wat die identiteit van Duitse immigrante gevorm het, naamlik die invloed van Nasionaal-Sosialisme. Dit verklaar hul gedrag en reaksie op die Suid-Afrikaanse omstandighede, die politieke klimaat van die Apartheidsjare, vanaf die Tweede Wêreldoorlog tot 1994 en selfs daarna, asook op die inwerkingstelling van nie-rassige demokrasie in Suid-Afrika.
- Die navorsing kan die vertrekpunt wees vir verdere studies oor transnasionisme en transnasionaliteit onder diaspora-immigrante-groepe in Suid-Afrika, maar ook elders in die wêreld.

Samevattende opsomming

In hierdie hoofstuk is die uitkomstige pertinent opgesom en is die navorsingsvrae beantwoord. Die teoretiese sowel as praktiese bydraes van die navorsing is bespreek. Daarna is die geldigheid en betroubaarheid getoets in terme van beide kwalitatiewe en kwantitatiewe standaarde. Die studie het afgesluit met aanbevelings vir toekomstige navorsing, gebaseer op die studie se resultate. Die analitiese metodologie/historiografiese raamwerk van die studie is gebaseer op transnasionisme en transnasionaliteit.

Die studie het swaar gesteun op die samewerking en vertroue van die Duitse gemeenskappe in Gauteng en die Noordwes-provinsie. Goeie verhoudings is gebou met hierdie gemeenskap en terugvoer waar gevra, is gegee. Die studie duur nog voort en navorsingsvraelyste word steeds gegee aan belangstellendes vir 'n verdere studie op hierdie terrein.

In die navorsingsfase van hierdie projek, is tentatiewe bevindings in 'n voordrag aan die Genealogiese Vereniging van Suid-Afrika, Noord-Transvaaltak in Pretoria by die

¹⁴ J.E. Wehrmeyer, A critical investigation of deaf comprehension of signed TV News interpretation, p. 303.

Voortrekker Monument tydens 'n vergadering aangebied. Die voordrag is positief ontvang.¹⁵

Daar word beplan om die bevindinge van die studie beskikbaar te stel aan: die Suid-Afrikaans-Duitse Kultuurvereniging, Stadtmission gemeentes, *Freunde des Deutschen Ostens*, die Universiteit van Berlyn en Universiteit van Konstanze, wat 'n belangstelling het in die *Deutschtum* van Suid-Afrika. 'n Artikel oor die studie word ook in die vooruitsig gestel om geplaas te word in 'n geakkrediteerde joernaal. Die hoop bestaan dat die studie se bevindinge op hierdie manier in die akademiese gemeenskap gedissemineer kan word.

Die Duitse immigrante wat na Suid-Afrika gekom het ná 1945 het 'n positiewe bydrae tot die land se ontwikkeling gelewer. Hulle het ingeskakel by die *Volks-Duitsers* van Suid-Afrika, maar tog 'n identifiseerbare *Reiches*-Duitser diasporagroep gevorm.

Ten slotte, Wolfgang Hermann Wehrmeyer, wat in hierdie studie biografies beskryf word, was een van baie Duitse immigrante na Suid-Afrika in die twintigste eeu. Hy was ook die skrywer se vader. 'n Eenvoudige mens en tog ook 'n besondere persoon. In die ondersoek na wie Wolfgang Wehrmeyer in die konteks van 'n unieke transnasionale identiteit was, het die navorser self ook 'n denkproses deurgemaak – die ontsluiting van 'n persoonlike en eiesoortige transnasionale identiteit.

Wolfgang het pas mondig geword toe hy as enkeling saam met 'n groep jong Duitse mans in Kaapstad se hawe met die Stirling Castle aangekom het. By die Spoorwegkollege op Kroonstad moes hy leer Afrikaans praat. Deur sy huwelik met 'n Boeremeisie sou hy in die Afrikaanse gemeenskap geïntegreer word.

Na die trauma en hongersnood van die Tweede Wêreldoorlog het hy in Suid-Afrika 'n nuwe tuiste gevind waar hy kon floreer en 'n suksesvolle loopbaan kon beoefen.

Die grootste keerpunt in sy lewe was toe hy, op 14-jarige ouderdom, kennis geneem het van die groot liefde wat God vir hom gehad het. Hy het 'n volgeling van Jesus Christus geword in die tradisie van die Duitse Piëtiste. Dit was met hierdie vaste anker in sy lewe waarmee hy deur die lewe gereis het en elke krisis die hoof kon bied. Hy het gepoog om sy bande met sy broer en familie in Duitsland te behou en sy medemens in Suid-Afrika te dien. Deur sy beroep, bestuursvermoë en entrepreneurskap, kon hy werk verskaf aan ander en daarmee saam ook vir sy familie sorg.

¹⁵ S.J. Basch, (red.), Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika, Noord-Tranvaaltak, Nuusbrieff nr. 9, Oktober 2014, ntv1@genza.org.za, p.1-3.

Die skrywer onthou Wolfgang as 'n liefdevolle vader en vriend onder omstandighede van krisis. My vader het sy vrou en ons vier seuns lief gehad. Die woorde van Wolfgang se broer, Wilfried-Helmut, vat saam wat Wolfgang en sy mede-Duitse immigrante se wesentlike ervaring en belewenis was:

Wir haben immer aus etwas Schlechtem etwas Gutes gemacht und haben uns trotzdem wohl gefühlt.¹⁶

Ons het altyd iets positief gemaak uit moeilike omstandighede en het ons self geniet en was gelukkig.

¹⁶ WPA, MO (4B), W.H. Wehrmeyer, (76), Plochingen, Stuttgart, 2012.05.20, (NF82,CD: U-9).

Bibliografie

Primêre bronne

Owerheidsargiefbewaarplekke

